



Wat elke kind van boeliegedrag moet weet

Boeliegedrag is altyd onaanvaarbaar. Hier is raad oor hoe jy boeliegedrag kan teenstaan!

Jy kan op enige plek geboelie word – op die speelgrond, op die bus, in die gange, selfs in die badkamer.

Boeliegedrag kan baie dinge wees. Dit is wanneer die boelie iemand anders slaan, stamp en stoot, lelike name toesnou, dreig, terg, nare e-posboodskappe stuur, of iemand anders se besittings vat of beskadig, of selfs iemand doelbewus uitsluit – en nog baie ander aaklige goed wat hulle met opset doen om iemand seer te maak.

Hoe weet jy wanneer dit boeliegedrag is? Onthou die volgende:

Dis boeliegedrag as ...
iemand 'n ander kind met opset seermaak
en
die kind wat die boelie is, meer mag as die ander kind het.



Watter soort boeliegedrag is daar?

Boelies slaan, skop, stamp, beledig, dreig, terg of maak jou bang. 'n Boelie kan ook aaklige dinge van jou sê of jou doelbewus uit die groep uitsluit. Dit gebeur selfs in die kuberruim – op TikTok, Instagram en Snapchat.

Fisieke afknouery

Soms raak boelies fisiek – hulle klap en slaan, pootjie kinders op die trappe, treiter ander mense (selfs onderwysers), of steel en breek goed. Dit maak 'n mens bang en seer, dit laat dikwels ook merke en letsels, en dit kan regtig gevaarlik wees.

Emosionele afknouery

Dit is wanneer die boelie nare goed vir jou en van jou sê, vals gerugte oor jou versprei, jou name toesnou en jou doelbewus uit die groep uitsluit omdat "jy nie goed genoeg is nie"; wanneer hulle jou dreig en verneder. Dit maak kinders baie hartseer en hulle voel alleen en geïsoleer.

Kuberboelies

Dit is 'n soort boeliegedrag wat dit vir die boelie moontlik maak om weg te kruip en naamloos te bly – en om tegnologie te gebruik om baie wreed te wees. Boelies stuur nare foto's, boodskappe en begin groepe via TikTok, Instagram, Snapchat en e-pos. Dit is skrikwekkend en baie ernstig.

Seuns is geneig om fisieke intimidasie en dreigemente te gebruik, terwyl meisies dikwels ander meisies teiken en geneig is om ander emosioneel te boelie, soos om gerugte te versprei en ander doelbewus uit die groep uit te sluit.

Dit is nie reg om te boelie nie en dit is nie regverdig nie. Niemand verdien om geboelie te word nie.

Wat kan jy doen as jy geboelie word of sien dat iemand geboelie word?

Baie!



Moenie stilbly nie!

- Wanneer iemand bereid is om te sê hulle dink iets is verkeerd, kan hulle 'n verskil maak. As jy vir ander kinders sê dat dit nie reg is om te boelie nie, sal hulle ook meer gewillig wees om daarteen op te staan.
- As jy sien hoe iemand geboelie word, kan jy 'n volwassene daarvan vertel. Om vir iemand te vertel is nie klik nie. Dit is reg om iemand daarvan te vertel.

Reik uit!

- Sê vir die kind wat geboelie word hulle verdien nie om so behandel te word nie. Niemand verdien dit nie.
- Vra jou maats om saam met jou te staan teen alle boeliegedrag.

Wees 'n maat!

- Nooi die kind wat geboelie word om met jou te speel.
- Skep 'n "boelievrye sone" op die speelgrond waar almal welkom is.